http://lexikos.journals.ac.za

# 'n Woord van AFRILEX

Dit is 'n groot eer vir my as nuutgekose President van AFRILEX om hierdie woord aan die lesers van *Lexikos* te rig. Indien daar gekyk word na die volkome toewyding waarmee my drie voorgangers — Rufus Gouws, Danie Prinsloo en Mariëtta Alberts — die taak verrig het, sal ek moeilik hulle buitengewone leierskap kan ewenaar. Wanneer 'n mens hulle inleidingswoorde lees wat sedert nommer 6 (1996) in *Lexikos* verskyn het, is dit interessant om die voorkeuronderwerpe van elkeen te herken: Rufus het nooit nagelaat om leksikografiese teorie ter sprake te bring nie, Danie het vanuit 'n meer praktiese en organisatoriese hoek gekyk, terwyl Mariëtta op die subdissipline terminologie gekonsentreer het. Elke akademikus het 'n liefhebbery; myne is om ons strewes in publikasies te omskep wat oor die jare hul geldigheid sal bly behou. Wat dit betref, is ons besonder gelukkig om oor *Lexikos* te beskik.

*Lexikos* is nie die tydskrif *van* AFRILEX nie — omdat dit bydraes vanoor die wêreld trek, waarvan net die bestes gepubliseer word na 'n streng anonieme beoordeling deur ten minste twee keurders — maar dit is die voorkeurpublikasiebron en as sodanig dus die mondstuk van die lede van AFRILEX. *Lexikos* sal nie *Lexikos* wees sonder die toewyding van sy redakteur, dr. J.C.M.D. du Plessis, en sy assistent, me. Riette Ruthven nie. Hulle omskep gehaltemanuskripte in artikels wat dikwels byna volmaak is. Sulke aspekte gaan nie ongemerk verby nie, en dit is ongetwyfeld danksy die hoëgehaltevoorleggings, gekombineer met 'n tydige redigeerproses, dat *Lexikos* vanaf nommer 15 (2005) gekeur is vir insluiting in die volgende twee databasisse van die Thomson Reuters Web of Science Citation Index:

— Arts & Humanities Citation Index
— Current Contents/Arts & Humanities

Vanaf verlede jaar se nommer, nommer 18 (2008), neem die Web of Science *Lexikos* verder op in:

— Social Sciences Citation Index
— Social SciSearch
— Current Contents/Social & Behavioral Sciences
— Journal Citation Reports/Social Sciences Edition

Die laaste, insluiting in die Journal Citation Reports, is veral waardevol omdat dit beteken dat impakfaktore nou vir *Lexikos* bereken word. Die berekening van impakfaktore is elementêre wiskunde: Vir elke betrokke jaar verdeel 'n mens die aantal verwysings na die materiaal gepubliseer in die twee voorafgaande jare met die totale aantal artikels gepubliseer in hierdie twee jare. In die Journal Citation Reports van 2008 lewer dit die volgende vir *Lexikos* op:


http://lexikos.journals.ac.za



| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Aanhalings in 2008 tot items gepubliseer | | | | Aantal items gepubliseer | | |
| in: | 2007 = | 11 | | in: | 2007 = | 30 |
| | 2006 = | 4 | | | 2006 = | 20 |
| | Totaal: | 15 | | | Totaal: | 50 |

Berekening: $\dfrac{\text{Aanhalings tot onlangse items}}{\text{Aantal onlangse items}} \quad \dfrac{15}{50} = \mathbf{0.300}$

Die huidige (2008) impakfaktor vir *Lexikos* is dus 0.300. Met gegewens geberg in die databasisse van die Web of Science kan 'n mens ook terugkyk, wat toon dat die impakfaktor vir *Lexikos* op die oomblik bestendig (en effens stygend) is.




Impakfaktore moet altyd binne konteks gesien word, en dit is derhalwe belangrik om rekening te hou met die plek wat 'n tydskrif inneem in die kategorie/-ieë waartoe dit behoort. *Lexikos* behoort tot die kategorie Linguistiek, waar dit 56ste (uit 68 tydskrifte) in die laaste (vierde) kwartiel geplaas is.

Gegee dat akademiese personeellede van inrigtings van hoër onderwys toenemend "beoordeel" word, en dat hulle publikasies in hoë-impaktydskrifte geneig is om meer gewig te dra as enige ander oorwegings vir daardie beoordeling, kan die waarde van die feit dat *Lexikos* nou 'n geïndekseerde tydskrif is — *met* 'n impakfaktor — nie genoeg beklemtoon word nie. In die vakgebied leksikografie, kom dié eer slegs twee tydskrifte toe: die *International Journal of Lexicography* en nou *Lexikos*. Wanneer gekyk word hoe impakfaktore bereken word, wil ek daarom graag almal van ons aanspoor om seker te maak dat ons altyd die toepaslike verwysings in al ons manuskripte insluit by materiaal gepubliseer gedurende die voorafgaande twee jaar in sowel die *International Journal of Lexicography* as *Lexikos*. Mag *Lexikos* se impakfaktor, en daarmee saam die lewendigheid van ons vakgebied, as gevolg daarvan styg!

Gilles-Maurice de Schryver
President: AFRILEX

http://lexikos.journals.ac.za

# A Few Words from AFRILEX

It is a great honour for me, as the newly elected President of AFRILEX, to address the readers of *Lexikos*. Considering the complete dedication with which my three predecessors — Rufus Gouws, Danie Prinsloo and Mariëtta Alberts — performed the job, I will have a hard time matching their extraordinary leadership. When one reads through their introductory words that have appeared in *Lexikos* since Volume 6 (1996), it is pleasing to recognize the pet subjects of each: Rufus has never shied away from raising lexicographic theory, Danie took a more practical and organizational angle, while Mariëtta focused on the sub-discipline of terminology. Every scholar has a hobby-horse; mine is to turn our endeavours into publications that will stand up to the ravages of time. In that, we are particularly fortunate to have *Lexikos*.

*Lexikos* is not the journal *of* AFRILEX — as it attracts contributions from all over the world, with the best only being published following, for each, a rigorous blind adjudication process by at least two referees — but it is the favoured outlet and as such mouthpiece of the members of AFRILEX. *Lexikos* would not be *Lexikos* without the devotion by its editor, Dr J.C.M.D. du Plessis, and his right hand, Ms Riette Ruthven. They turn quality manuscripts into articles that are often very nearly perfect. Such aspects do not go unnoticed, and it is no doubt thanks to the high-quality submissions, combined to a timely editorial process, that *Lexikos* was selected, as of Volume 15 (2005), for inclusion in the following two databases of the Thomson Reuters Web of Science Citation Index:

— Arts & Humanities Citation Index
— Current Contents/Arts & Humanities

Starting with last year's volume, Volume 18 (2008), the Web of Science further includes *Lexikos* in:

— Social Sciences Citation Index
— Social SciSearch
— Current Contents/Social & Behavioral Sciences
— Journal Citation Reports/Social Sciences Edition

The latter, inclusion in the Journal Citation Reports, is especially valuable, as it means Impact Factors are now being calculated for *Lexikos*. The calculation of Impact factors is child's mathematics: For any particular year, one divides the number of citations to material published in the two previous years, by the total number of articles published in those two years. In the 2008 Journal Citation Reports, this gives the following for *Lexikos*:


http://lexikos.journals.ac.za



| Citations in 2008 to items published in: | | | Number of items published in: | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | 2007 = | 11 | | 2007 = | 30 |
| | 2006 = | 4 | | 2006 = | 20 |
| | Sum: | 15 | | Sum: | 50 |

Calculation: $\frac{\text{Citations to recent items}}{\text{Number of recent items}} \quad \frac{15}{50} = \mathbf{0.300}$

The current (2008) Impact Factor for *Lexikos* is thus 0.300. With the data stored in the Web of Science databases, one can also look back, which shows that the Impact Factor for *Lexikos* is stable (and slightly rising) at present:




Impact Factors must always be viewed in context, and it is thus important to consider the position a journal takes in the category/-ies to which it belongs. *Lexikos* belongs to the Linguistics category, where it is ranked 56th (out of 68 journals), in the last (fourth) quartile.

Given that academic staff members at institutes of higher education are increasingly being 'rated', and that their publications in high-impact journals tend to have more weight than any other considerations for that rating, the value of the fact that *Lexikos* is now an indexed journal — *with* an Impact Factor — cannot be stressed enough. In the discipline of lexicography, this honour comes to only two journals: the *International Journal of Lexicography*, and now *Lexikos*. Looking at how Impact Factors are calculated, I would therefore like to urge all of us to make sure we always include the relevant references, in all our manuscripts, to material published during the preceding two years in both the *International Journal of Lexicography* and *Lexikos*. May *Lexikos*'s Impact Factor, and with it the liveliness of our discipline, rise as a result!

Gilles-Maurice de Schryver
President: AFRILEX